BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

20c — Vrydag 4 Januarie 1980 — WINDHOEK — Friday 4 January 1980 — No. 4068

INHOUD:

Bladsy

PROKLAMASIE:

No. AG. 2 Wysigingsproklamasie op Selfregering vir Rehoboth, 1980 1

CONTENTS:

Page

PROCLAMATION:

No. AG. 2 Rehoboth Self-Government Amendment Proclamation, 1980 1

PROKLAMASIE

van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

(Deur die Staatspresident goedgekeur op 18 Desember 1979)

No. AG. 2 1980

WYSIGING VAN DIE WET OP SELFREGERING VIR REHOBOTH, 1976 (WET 56 VAN 1976)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

G. van N. VILJOEN
Administrateur-generaal — Swakopmund, 20 Desember 1979

BYLAE

Wysiging van artikel 3 van Wet 56 van 1976

1. Artikel 3 van die Wet op Selfregering vir Rehoboth, 1976 (hieronder die Wet genoem), word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) (a) Die Volksraad bestaan uit ses lede wat deur die stemgeregtigde burgers van Rehoboth gekies word.

PROCLAMATION

by the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

(Approved by the State President on 18 December 1979)

No. AG. 2 1980

AMENDMENT OF THE REHOBOTH SELF-GOVERNMENT ACT, 1976 (ACT 56 OF 1976)

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

G. van N. VILJOEN
Administrator-General — Swakopmund, 20 December 1979

SCHEDULE

Amendment of section 3 of Act 56 of 1976

1. Section 3 of the Rehoboth Self-Government Act, 1976 (hereinafter referred to as the Act), is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) (a) The Legislative Council shall consist of six members elected by the enfranchised citizens of Rehoboth.

(b) 'n Volksraad bly in stand vir 'n tydperk van drie jaar vanaf die datum van die bevestiging van die lede daarvan in hul ampte ingevolge artikel 11(2) en word nie ontbind nie behalwe deur tydsverloop.

(c) Ondanks die ontbinding van die Volksraad —

(i) bly elke persoon wat op die datum van die ontbinding lid van die Volksraad is, nog lid daarvan;

(ii) bly die Volksraad bevoeg om sy werksaamhede te verrig; en

(iii) kan die Volksraad ooreenkomstig die bepalings van artikel 3(3) of 4(5) vir die verrigting van sy werksaamhede byeengeroep word,

gedurende die tydperk na daardie ontbinding tot en met die dag onmiddellik voor die stemdag van die verkiesing ingevolge daardie ontbinding gehou, in alle opsigte op dieselfde wyse asof die ontbinding nie plaasgevind het nie.".

Wysiging van artikel 4 van Wet 56 van 1976

2. Artikel 4 van die Wet word hierby gewysig deur na subartikel (7) die volgende subartikel in te voeg:

"(7)*bis* Die Kaptein en die ander lede van die Kapteinsraad het die reg om aan die verrigtinge van die Volksraad deel te neem, maar het, behoudens die bepalings van paragraaf (a) van subartikel (8), nie die reg om daarin te stem nie.".

Wysiging van artikel 10 van Wet 56 van 1976

3. Artikel 10 van die Wet word hierby gewysig deur die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

"Met dien verstande dat enige verkiesing van lede van die Volksraad wat gehou moet word na bedoelde eerste verkiesing moet plaasvind op 'n datum nie later as negentig dae na die datum waarop die Volksraad ontbind of, in die geval van 'n verkiesing om 'n toevallige vakature in die Volksraad te vul, na die datum waarop sodanige vakature ontstaan.".

Kort titel

4. Hierdie Proklamasie heet die Wysigingsproklamasie op Selfregering vir Rehoboth, 1980.

(b) A Legislative Council shall continue for a period of three years from the date of the installation in office of the members thereof in terms of section 11(2) and shall not be subject to dissolution save by effluxion of time.

(c) Notwithstanding the dissolution of the Legislative Council —

(i) every person who at the date of the dissolution is a member of the Legislative Council shall remain a member thereof;

(ii) the Legislative Council shall remain competent to perform its functions; and

(iii) the Legislative Council may be convened for the performance of its functions in accordance with the provisions of section 3(3) or 4(5),

during the period following such dissolution up to and including the day immediately preceding the polling day for the election held in pursuance of such dissolution, in the same manner in all respects as if the dissolution had not occurred.".

Amendment of section 4 of Act 56 of 1976

2. Section 4 of the Act is hereby amended by the insertion after subsection (7) of the following subsection:

"(7)*bis* The Kaptein and the other members of the Kaptein's Council shall have the right to take part in the proceedings of the Legislative Council, but shall, subject to the provisions of paragraph (a) of subsection (8), not have the right to vote therein.".

Amendment of section 10 of Act 56 of 1976

3. Section 10 of the Act is hereby amended by the substitution for the proviso to subsection (1) of the following proviso:

"Provided that any election of members of the Legislative Council which is to be held after the said first election shall take place on a date not later than ninety days after the date on which the Legislative Council dissolves or, in the case of an election to fill a casual vacancy in the Legislative Council, after the date on which such vacancy occurs.".

Short title

4. This Proclamation shall be called the Rehoboth Self-Government Amendment Proclamation, 1980.